

# St. Petrus Claver

## 9 September

(1581-1654)

Hierdie Spaanse sendeling priester het met afgryse eerstehands kennis gemaak met die verskrikkinge van die slawehandel in die kolonies van Suid-Amerika. Hy het die slaweskepe ingewag in die hawe en voedsel en medisyne na hulle geneem wanneer hulle van die skepe af gekom het. Te midde van al die onmenslike behandeling wat hulle van sogenaamde Christene ontvang het, was dit sy lewensdoel om Jesus se liefde aan dié ellendige mense te toon. Meer as 40 jaar lank het hy onverpoos gewerk om die slawe se lot te verbeter.

© Die Oratorium Uitgewery